

23 Oktober

Omdat God ons help, kan ons ander vertroos

Skrif- en Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-5

Só dikwels bring die Here 'n gestremde, of iemand wat baie oud of sieklik is, op ons lewenspad. En wanneer jy die persoon vra hoe dit gaan, kom die – menslik gesproke – onverklaarbare, blymoedige antwoord bykans klokslag: *Die Here is goed vir my ... prys sy Naam!* 'n Kragtige getuienis! Maak nie saak hoe erg die beproewing is nie: Die Here gee steeds vertroosting.

Hoewel ons nie presies seker is oor die aard van die “moeilikhede” wat Paulus in die provinsie Asië beleef het nie, weet ons dat hy erge beproewings moes deurmaak – só erg dat hy soms gedink het hy gaan sterf! En ten spyte van die beproewings, prys hy die Here omdat Hy, die Vader van ontferminge en God van alle vertroosting, in elke omstandigheid moed gee!

“Daarom kan ons weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig ...” Omdat God jou krag gee, word jy 'n instrument in sy hande om sy troos in ons Here Jesus Christus te bedien. Waar ander gelowiges jou as beproefde sien, God se bo-menslike krag waarmee jy die beproewing van jou gestremdheid hanteer, in jou raaksien, word jy 'n instrument in die hande van God, om óók sy troos aan ander in nood te bring.

Mag God jou in jou nood gebruik as instrument in sy vaderhand om sy troos in ons Here Jesus te bring!

Sing: Psalm 116:3, 4 (TT Cloete)

Ds. Ockert Oosthuizen (Cullinan)